DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

24 Oktober 2021

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Jeremia 32: 1 - 20 en Lukas 1: 26 - 38 |
| **Tema** | Koop omdat jy 'n toekoms het. |
| **Sang** | Psalm 18: 1, 14<br>Skrifberyming 12-3: 1, 2<br>15-7: 4, 6<br>2-6: 5, 7<br>Psalm 146: 4, 8 |

Die profesieë oor die val van Jerusalem en die komende ballingskap gaan in vervulling. Jeremia was in die paleis van koning Sedekia ingeperk, omdat hy God se oordeel oor Sedekia en Juda aangekondig het. Toe kry hy die opdrag van die Here: "Koop grond in Anatot". Vir enige regdenkende mens, wat mooi na sy beleggings en geldsake kyk, sou hierdie opdrag verkeerd klink. Waarom juis nou belê in 'n land wat deur die vyand vernietig gaan word? Jeremia is gehoorsaam aan die opdrag van die Here. Die transaksie gebeur, volgens die wetlike ooreenkomste van daardie tyd. Hy betaal en ontvang 'n kontrak dat die grond sy eiendom word.

Jeremia se optrede is profeties, dit gryp in die geloof na die toekoms. Die kontrak word in 'n kleipot gesit, veilig vir 'n lang tyd, waartydens hy nie die grond sou kon bewoon nie.

Jeremia doen wat die Here vra, maar tog kon hy nie die weë van die Almagtige verklaar nie. Daarom bid hy en vra na die sin van hierdie eienaardige opdrag. In die middelpunt van die gebed en die antwoord van die Here staan die stelling: "Is iets vir my onmoontlik?" (32:27). God antwoord sy dienskneg uit sy posisie as regverdige Regter, maar ook as Verlosser. Hy het die reg om sy volk te straf. Hulle is skuldig aan afgodsdiens, hulle het selfs offers van hulle kinders aan Molek gebring. Daarom tref die Here vir Jerusalem, die land en volk, deur Sy heilige toorn.

Maar Hy is ook genadig, die Verlosser. Sy volk sou weer teruggebring word na hulle land (32:44). Waarom? Om die eer van sy Naam. Omdat Hy wil goed doen. Om goed te doen teenoor sy volk, dwing gesag af, selfs by die heidene (33:9). Hy is die HERE, wat getrou bly aan sy verbond, selfs al sou sy volk ontrou word.

Hoe lyk ons vertroue in die Here? Sal jy grond koop wat beset is?  Of erger nog:  besette grond wat spesifiek geoormerk is vir onteiening sonder vergoeding? Dit was presies wat Jeremia gedoen het. Ons beleef hoe vrees mense heeltemal lamlê. Hoe dit mense oorneem, hulle lewens opslurp en enigste realiteit word.  Dit skep tonnelvisie, waar ‘n mens net fokus op vrees.

Die vrees raak soos 'n muur wat maak dat jy nie vir God kan sien nie, geen hoop meer het nie. 'n Belofte van God is 'n belofte wat hou. Hoe moet ons optree, as dit lyk of die wêreld vergaan? Bly gehoorsaam aan Hom, al lyk dit dwaas vir menslike logika. Die verlossingsdag is seker. Daarom tree Maria in geloof toe die blye boodskap van die koms van die Messias aan haar gebring word. Ons het in Jesus Christus die ewige lewe. Die Heilige Gees bevestig dit vandag weer aan ons – jou toekoms is veilig in die Almagtige God se hande.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Zoë Erasmus en haar familie. Sy is liggaamlik baie swak, maar sterk in die geloof.

* Ons bid vir Hennie en Julie Oelofse en hulle familie. Hy verduur erge pyn en kry baie swaar.

* Katkisasie na die erediens. Ons vra dat die kategete wat by die laerskool betrokke is asseblief ook by die opening sal wees.

* Sterkte met die voorbereiding vir die naderende eksamen.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 24 OKT 2021

**Diensbeurt:** Wyk B1 **Katkisasie:** Graad 9

**Ouderling:** **Jan Hoogendyk** **Diaken:** **Chris Botha**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal soos voorheen weer, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



**24 Okt 2021** **Almal wat beskikbaar is.**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 26 Okt ober | 09:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 27 Okt ober | 18:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 28 Okt ober | 09:30 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 28 Okt ober | 19:00 | ***ZOOM*** | Bybelstudie |

Lidmate wat op 'n Donderdag aand by 'n ***ZOOM*** Bybelstudie groep wil aansluit kan vir Alta Theron skakel op 082 458 5700. Die Bybelstudie word gelei deur Prof Chris van der Walt.

# ATTESTATE ONTVANG

Die volgende lidmate word hartlik in die gemeente verwelkom :

Belydende lidmate Kobus Coetsee en Susan Coetsee vanaf GK Pietersburg-Noord.

Belydende lidmate Willem Van Wyk en San-Mari Coetsee-van Wyk en dooplidmaat Willem Van Wyk ook vanaf GK Pietersburg-Noord.



# SILWERDOPPERS

Die ***Silwerdoppers*** verkoop lekker vetkoek en maalvleis op 29 Oktober 2021 teen R 30.00 elk.

Bestellings kan by Cassie Carstens op 081 354 3400 of Marina vd Walt op 072 135 6905 geplaas word. Bestelling kan op 29 Okt by die kerk afgehaal word.

Kom en ondersteun die Silwerdoppers in die projek om **fondse in te samel vir hulle Wildtuin toer in Mei 2022.**





# KALENDER



## *Verjaarsdae*

| Datum | Naam | Ouderdom | Belydend/Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|---|
| So 24 Okt | Johann Maré | 41 | B | 081 042 1782 |
| Ma 25 Okt | Kruger Oosthuizen | 3 | D | 082 488 7577 |
| Di 26 Okt | Madeleen Korff | 22 | B | 074 178 3038 |
| Wo 27 Okt | Sheryl Van Der Merwe | 62 | B | 082 475 7667 |
| Do 28 Okt | ***Evelyn Vorster ***** | ***80*** | B | 084 864 9899 |
| Sa 30 Okt | Heleen Du Plessis<br>Nelmerie Venter<br>Simoné Jongbloed | 52<br>42<br>34 | B<br>B<br>B | 082 933 5360<br>082 752 1637<br>084 511 3831 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 24 Okt 1981 | André & Sheryl vd Merwe | 40 | 082 453 5366<br>082 475 7667 |
| 28 Okt 1989 | Rudolf & Anita Korff | 32 | 083 301 9043<br>083 301 9044 |
| 29 Okt 1977 | Hennie & Patty Pelser | 44 | 072 376 8967<br>072 376 8931 |
| 29 Okt 1960 | Hannes & Pietra vd Walt | 61 | 084 602 4057 |
| 30 Okt 1965 | Gert & Bettie Olivier | 56 | 083 275 9062<br>083 305 9664 |

# DIAKONALE KERSMARK




Die diakonie beplan om ‘n **kersmark te hou op 27 November 2021** by die kerk, dit sal die laaste fonds insamelings poging wees van die diakonie vir die jaar.


Antoinette Suaermann is die sameroeper en enige voorstelle van uit diegemeente kan aan haar gegee word by 082 366 5041.


Ons weet dat die gemeente soos in die verlede weer die projek sal ondersteun en om daardie rede vra ons almal se hulp om die projek te ondersteun.

Lidmate kan skekings gee van:

- Ou klere,
- Bestandele vir die bak van vrugtekoeke, klein koekkies, beskuit ens,
- Pannekoek bestandele soos meel, eiers en olie, suiker, kanneel ens,
- Handgemaakte items vir kers geskenke,
- Ingemaakte produkte soos konfyt, vrugte ens.

**Almal se samewerking sal baie hoog op prys gestel word.**


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 124 876.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 124 876.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92

| | | |
|---|---|---|
| **Preke, dagstukkies en Die Basuin :**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>**admin@gereformeerd.co.za**<br><br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas**<br><br>**Diakonie**<br><br>**Koningskinders**<br><br>**Geref. Susters Org. Pietersburg**<br><br>**Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"In hulle teenwoordigheid het ek vir Baruk beveel: 'So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Vat hierdie dokumente, die koopkontrak met die seël en die afskrif sonder seël en sit hulle in 'n kleipot sodat hulle lank kan hou, want so sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Daar sal weer huise en grond en wingerde in hierdie land gekoop word.'*

*Jeremia 32: 13-15*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS